



Gelukkige Moedersdag
8 Mei

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100



JAARTEMA:
GESTUUR

Mei 2016

God se getuigskrif oor jou

Getuigskrifte is vandag belangriker as ooit. Jy kan nie in aanmerking kom vir werk daarsonder nie. Wat in jou getuigskrif staan het 'n groot invloed of jy vir werk oorweeg sal word uit die massa ander persone wat ook vir dieselfde pos aansoek doen.

Wat in God se getuigskrif of aanbevelingsbrief oor ons staan is nog belangriker as enige ander getuigskrif. Hoe sal jy daarvan hou dat God van jou sê wat hy van Kaleb getuig het naamlik dat Kaleb 'n *ander gesindheid* het as ander wat Sy hart gebreek het (Num 14:24 *Maar omdat my dienaar Kaleb 'n ander gesindheid het en My getrou gevolg het, sal Ek hom inbring in die land wat hy gaan verken het, en sy nageslag sal dit besit*).

Kaleb se *ander gesindheid* wat God se hart bly gemaak het en vir Kaleb God se beste laat beleef het kan ons sien in veral drie dinge in Kaleb se lewe:

1 Kaleb het op God gefokus

Toe ander van die volk en die verkenners op al die probleme en nare goed gekonsentreer het en daaroor negatief gal afgegaan het, het Kaleb op God gefokus. Kaleb het tsv al die negatiewe goed om hom op God bly fokus en dit het hom positief gemaak. Luister hoe praat hy oor God: *as die Here ons goedgesind is sal Hy die land aan ons gee....Die Here is by ons. Moenie bang wees nie!*

Om op God te fokus in 'n mens se omstandighede maak 'n reuse verskil. Vra maar vir die Psalmidigter hy sal vir jou vertel in Psalm 42:5 *Why are you down in the dumps, dear soul? Why are you crying the blues? Fix my eyes on God-- soon I'll be praising again. He puts a smile on my face. He's my God.*

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

Het jy al gedink watter verskil dit sal maak as jy op God fokus in geloof eerder as om jou blind te staar teen al jou probleme of met vrees dit te probeer hanteer? God se mense oor wie Hy tevrede glimlag is mense wat op Hom fokus! God wil dat jy Sy heel beste vir jou lewe ervaar daarom kom moedig Hy jou en my aan om saam met Kaleb op Hom te fokus deur al ons probleme heen. *Bedaar en erken dat Hy die Here is* (Ps 46:11)

2 Kaleb het sy ore nie aan negatiewe mense uitgeleen nie

Tien uit die twaalf verkenners het negatief terugvoer gegee oor wat hulle gesien en beleef het. Hulle was so negatief dat hulle ander bang gemaak het met wat hulle sê. Hulle het gekla "waarom?????" en selfs opstandig geraak. Hulle het die slegste verwag.

Negatiewe mense sal ons altyd rondom ons hê. Hulle is oral met ons, by die werk, by die by vriende, by familie en selfs by die kerk. Hulle kla, hulle vind fout, sien net swarigheid en probleme. Hulle verwag die slegste behalwe as hulle in beheer kan voel van 'n situasie met hulle eie slim planne (ipv om op God te vertrou). Hulle roem in hulself as realiste.

Mense het seker die reg om te sê wat hulle wil en negatief te wees, maar ek en jy hoef nie ons ore vir asblikke uit te leen vir hulle praatjies nie.

Net twee uit die twaalf het positief gerapporteer. Kaleb en Josua. Hoor hoe klink positiwiteit of geloof: *die land is buitengewoon goedland loop oor van melk en heuning....moenie bang wees nie..ons sal hulle maklik verslaan (ook die reuse)....die Here is by ons!*

Geloof in God maak ons positief selfs in uitdagende omstandighede! Nie oor ons geloof so groot is nie, maar omdat ons God so groot is!

3 Kaleb het sy Godgegewe taak aanvaar en gedoen

Op 85 jarige ouderdom het Kaleb die belofte wat God vroeër aan hom gemaak het toegeien. Kaleb het die bergwêreld of Hebron ingeval en ingeneem (met hul reuse en al). Hierdie was vir Kaleb heilige grond omdat Abraham daar gewoon het en Abraham en sy familie daar begrawe is. Die grond was in die hande van afgodsdienaars en dit het sy hart gebreek en daarom het hy hierdie taak aanvaar deurgevoer.

God wil ook deur jou 'n verskil maak! Wat is jou "Hebron" wat jy vir die Here moet aanpak of die Here deur jou wil aanpak?

Kaleb het 'n ander gesindheid gehad sê God se getuigskrif. Wat van jou en my? God wil graag ook oor jou en my kan getuig: *hy/sy het 'n ander gesindheid.*

ds Leon van Heerden

Die Here van genade raak ons lewe aan om ons te gebruik vir Sy agenda met die wêreld.

Daarom vra die Here vir ons as begenadigdes:

Wie kan Ek stuur?


Wie is beskikbaar om My verteenwoordiger te wees in ons leefwêreld van elke dag?

God stuur ons na ons huiskring, werkkring, vriendekring, kerkkring en leefkring om Hom 24/7 te verteenwoordig en sigbaar te maak.



Jesaja het geantwoord: Hier is ek stuur my!

Hoe antwoord ek en jy hierop?



PINKSTER 2016

Pinkster 2016, 8 tot 15 Mei

Die program is soos volg:

DIE HERE SE HART VIR DIE MOOT


- ◆ Sondagoggend: Sy hart vir Sy verkorenes (8 Mei)
- ◆ Maandag: Sy hart vir verdwaaldes in die Moot
- ◆ Dinsdag: Sy hart vir veragtes in die Moot
- ◆ Woensdag: Sy hart vir verlorenes in die Moot
- ◆ Donderdag: Sy hart vir diegene in die Moot wat vasgevang voel
- ◆ Sondagoggend: besoekende sanger, Vaughan Louw (15 Mei)

Naaldwerkklas Donderdae

14:30-16:15

Almal welkom. Kom leer naaldwerk doen of as jy self vaardig is kom help dan die ander om te leer.

Kontak Afke 012 330 1400



BOOMSLOPINGS & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za

---- DATUMS VAN BELANG ----

- ◆ **2 Mei:** Openbare Vakansiedag
- ◆ **5 Mei:** Hemelvaartdag
- ◆ **8 Mei:** Nagmaal en Pinksteroffer
- ◆ **8 – 15 Mei:** Pinksterweek

Sien jou daar!

OMGEE-BEDIENING

Die Gemeente wat vir almal omgee!



KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP!
Jy sal nie spyt wees nie.

VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief: Tommy Tademeyer Tel: 082 372 9803 of e-pos: rademeyer.tommy4@gmail.com

KITAAR, DWARSFLUIT EN SAKSEFOON KLASSE



KITAAR: leer speel en sing heerlik saam, Kinders (vanaf ± 7jr, moet kan lees) en Volwassenes. Klasse in die Moot. BILLIKE tariewe. Kom maak jou musiek-droom waar! Bied ook Saksefoon en Dwarsfluit aan, 18jr in orkes gespeel.

Kontak Kobus Nel 082 961 9425.

Ds Dirk van Zyl se Afskeid

Ds Dirk het op Sondag 4 April in 'n stampvol kerk sy afskeidsprek gelewer, na ongeveer 6 jaar by NG Gemeente Rietfontein-Suid .

Ds Dirk het gepreek oor "Jy is veilig in God se hande".

Die kerkkoor het die seënbede vir hom gesing. Die Kuierhoekie het saam met die gemeente lied 269 gesing. Ds Dirk het die diens afgesluit met die sing van die Oorwinningslied (hoe dan anders?) wat die gemeente uit volle bors vir die geliefde leraar gesing het.

Die Gemeente se seëngroet aan Ds Dirk en Cecile met hulle vertrek na die Gemeente Estcourt/Mooi Rivier (Oom Piet Barnard)

Mag die Here julle Eskort wees tot op die walle van Sy Mooirivier, die bloed van Sy Seun, waarin julle na behoefte kan gaan om gewas te word.

Ds Leon van Heerden het namens die kerkraad en gemeente gepraat en Sophie von Brandis namens die Kuierhoekie.

Na die diens is almal saal toe om persoonlik van Ds Dirk en Cecile afskeid te neem. Die atmosfeer was baie gesellig en Ds Dirk was vol grappe, soos ons hom in die Kuierhoekie leer ken het.

Die saal was pragtig versier. Die tafels was in 'n vorm van 'n kruis gerangskik en het gekreun onder die heerlike eetgoed wat deur die hele gemeente verskaf was. Die pragtige rangskikking van rooi rose is deur Laetitia gedoen, wat saam met Wilma en Anna die funksie gereël het.

Ons sal Ds Dirk en Cecile baie mis. Hulle plek in die Kuierhoekie sal leeg wees. Ons gun hulle die geleentheid om in die deelgemeentes van Mooirivier en Estcourt te dien en glo hulle arbeid sal geseënd wees.

